

Tema: Hy moet meer word, maar ek minder.

Skrifvoorlesing: Johannes 3:22-36

Fokusteks: Johannes 3:30

Ons het die afgelope kwartaal veral aandag gegee aan dié tema: **Groei na Christus toe!**

Ons probeer vanoggend die tema afsluit en kyk ook hoe dit ook in die Nagmaal gedek word.

Johannes die Doper en groei

Hy beskryf dit kort en kragtig: *"Hy moet meer word, maar ek minder."*

Dis die goue reël vir enige geestelike groei wat die Heilige Gees bewerk. Selfs die Gees soek nie sy eie eer nie, maar die eer van Jesus die Christus, die Seun van God.

Vir Johannes is dit reg, omdat 'n mens slegs dit kan wees wat "uit die hemel" vir jou gegee word (v 27). Jesus het self van Johannes gesê: *"Onder die mense op aarde is niemand gebore wat groter is as Johannes die Doper nie..." (Mat 11:11a)* Al was hy so belangrik het groei (na Christus toe) vir hom beteken dat hy al onbelangriker moet word.

Dis hoe 'n egte *"vriend van die Bruidegom"* is.

Paulus die Apostel en groei

Paulus het oor groei van die individu, sowel as die gemeente gepraat. In albei geval gaan dit oor opgroei "in Christus" (Fil 3:10,11 en Ef 4:15,16). Maar dis veral die verskillende beskrywings wat Paulus van homself as Apostel gegee het waaruit ons kan leer van groei.

Woorde wat die regsverhouding met God beskryf:

- Kind van God (Rom 8:17)(vgl 1 Joh 3:1)(Erkenningsreg)
- Slaaf van God/Christus (Rom 1:1; Tit 1:1)(Eiendomsreg)
- Gevangene van Christus (Ef 3:1; Filemon v 1,9)(Beskikkingsreg)

Woorde wat die werksverhouding met God beskryf:

- Dienaar van God (Kol 1:7; 2 Kor 6:4; 1 Tess 3:2)
- Medewerker van God (1 Kor 3:9)
- Assistent van Christus (1 Kor 4:1)
- Bestuurder van verborgenhede van God (1 Kor 4:1)

Watter betrekking het dit op die Nagmaal?

Die **genadeverbond** wat God met ons oprig is **ook 'n groeiverbond**. Deur die lewe van sy Seun (wat self dienskneg en slaaf geword het) word die wat in Hom glo geestelik gevoed om soos Hy die posisie van kind, slaaf en selfs gevangene te beklee. Wie so uit Hom lewe word ook deur die Nagmaal

verseker van God se krag wat jou in staat stel om se dienaar, mede-werker, assistant en bestuurder te wees.

Egte groei word ondervind wanneer jy al minder belangrik word en Hy al meer.

Amen.